Nellie Miere

Afrikaans:

Gr. R – 5/6jr.	24 leerders in ‘n klas
Gr. RR – 4/5jr.	22 leerders in ‘n klas
Gr. RRR – 3/4jr.	16 leerders in ‘n klas
Gr. 0 - 2/3jr.	14 leerders in ‘n klas

English:

Gr. R – 5/6yrs.	24 learners in a class
Gr. RR – 4/5yrs.	22 learners in a class

ONTSTAAN VAN ONS SKOOL

Die Nellie Miere is ‘n pragtige getuienis van wat vermag kan word wanneer mense bereid is om hard te werk en ‘n droom te verwesentlik ten bate van ons gemeenskap.

Toe Mnr en Mev Henn in 1999 aangesluit het by Laerskool Nelspruit, wou hulle iets bied wat die skool onderskei van skole wat bloot net voldoen aan die norm. Op daardie stadium was daar nog nie Graad R leerlinge by enige van die omliggende laerskole nie en hulle het die geleentheid raakgesien om ‘n Graad R klas te begin wat die Nellie Miere genoem sou word.

Met ‘n mandaat van die Beheerliggaam open Mev Rénaldia Henn die Nellie Miere se deure met 4 kindertjies in Januarie 2000. Binne ‘n maand groei die klas tot 28 leerders en ‘n tweede klas is begin. Die 3 tydelike klasse op die Laerskool se terrein is aanvanklik gebruik en ouers het saam met juffrouens die terrein omskep in ‘n lushof vir kleuters met onder andere ‘n sandput, boomhuis en fietsiebaan. Teen die einde van die jaar het die Nellie Miere uit hulle nate gebars met 3 volwaardige klasse en ‘n lang waglys.

Nadat die Departement van Onderwys in 2001 besluit het om nie meer skoolkoshuise te bedryf nie, het die droom se vlerke gesprei. Die aanvraag vir ‘n plek in die Nellie Miere, vir Graad R en veral ook vir jonger groepe, was oorweldigend. Na ‘n nuwe voorlegging is toegestemming verleen om die koshuis te omskep in ‘n volwaardige kleuterskool wat voorsiening kon maak vir kinders in die ouderdomsgroep 3-6 jaar.

Daar is oor naweke en in die Desembervakansie van 2001 hard gewerk en mure van slaapsale is uitgebreek en in klaskamers omskep. Die korrekte leerinhoud is aangekoop en klaskamers is ten volle toegerus met opvoedkundige apparaat en fantasiehoekies. Oor ‘n tydperk van 2 jaar het die Nellie Miere gegroei todat hulle hul kapasiteit bereik het met 17 klasse.

Met behulp van projekte het Mev Henn ouers en onderwysers se hulp ingewin om buiteterreine te ontwikkel en te verfraai. Hierdeur is die beginsel van rentmeesterskap en kollektiewe verantwoordelikheid gevestig. 5 groot - en 4 kleiner speelterreine is toegerus met verskeie klimrame, sandputte, waterspeltoerusting, fietsiebane, ‘n put-putbaan en ‘n Miertjie grot. ‘n Pragtige binnehuise klimraam en speelarea is later ook bygevoeg.

Tans kan 350 Nellie Miere leerders van hierdie pragtige fasiliteite gebruik maak om met die hulp van professioneel gekwalifiseerde onderwyseresse hulle volle potensiaal te bereik.

DOELWITTE

- Preparing the learner for formal education.
- Die kleuter se volle potensiaal word ontwikkel (fisiese, emosionele, sosiale, kreatiewe, intellektuele en kognitiewe vaardighede)
- Ons leer deur middel van spel.
- Ons reeds bekende leefwêreld word uitgebrei en verryk.
- Creating a teaching program that involves each individual, encourages participation and incorporates group work.
- Die fokus verskuif na kennis, vaardigheid en die gesindheid van elke leerder.
- Godsdienstige aspekte vanuit 'n Christelike perspektief geniet intensiewe aandag en is 'n groot prioriteit by Nellie Miere.
- Ons maak leerders bewus van die estetiese bv. natuur, musiek en skeppende kunste.
- Ons skerp goeie gewoontes in bv. persoonlike higiëne, toiletroetine, opruim, oppas van besittings, respek en trots vir die skool en omgewing.
- Learners are allowed to express themselves by viewing and manipulating a great variety of media that is fundamental to lessons.
- Ons stimuleer taalvaardighede deur middel van stories, rympies, gediggies, prenteboeke, ervarings en verbalisering van gebeurtenisse.
- Ons betrek alle sintuie (sintuiglike waarneming): sien, hoor, voel, proe en ruik.
- Dramatisering word ontwikkel (fantasiehoek, poppespel, nabootsing van aksies).
- Enhance reasoning skills (formulate and express an argument) using numerical understanding, counting, sequencing, sorting, comparisons, time and measuring.
- Ons gee aandag aan sosialiseringsmylpale.
- Groot spierontwikkeling vind plaas met buitespelaktiwiteite.

ONS SPAN

ONS FASILITEITE

Ons spog met 17 klaskamers wat ten volle toegerus is om in kleuters se holistiese ontwikkeling te voldoen. Elke klas bevat die volgende: Temabord en tematafel, wiskundehoekie, persepsiehoekie, blokhoekie, boekhoekie, fantasiehoekie en musiekhoekie.

Die Nellie Miere roteer weekliks in graadverband tussen 5 groot speelterreine sodat hulle blootgestel word aan 'n groot verskeidenheid klimapparate en stimulerende buitespel aktiwiteite.

Ons boomryke speelterreine spog met die volgende: Sandputte, fietsiebane, waterspeltoerusting, sensoriese paadjies en -apparaat, pophuisies, waterspelbaan, put-putbaan en Miertjiegrot. Ons het ook 'n pragtige binnespeelsaal met klimraam wat kleuters weekliks besoek.

BELANGRIKE TYE

Onderwysers is vanaf 07:10 soggens in hul klasse. Ons opvoedkundige program begin om 07:45 en ons vra vriendelik dat alle kleuters dan al teenwoordig sal wees, aangesien 'n onderbreking steurend is. Hekke word om 07:45 gesluit en weer 12:30 oopgesluit. Na 07:45 moet u kleuter by die hoofhek ingebring word. Om 12:30 eindig ons program en mag u u kleuter kom haal - asseblief nie voor die tyd nie, behalwe in 'n noodgeval OF doktersafspraak, ens. Reël dan met u kleuter se onderwyser vooraf. Toegang slegs deur hoofhek.

Naskoolleerders word om 13:00 deur onderwysers na hulle onderskeie naskoolterreine vergesel. Indien dagleerders se ouers laat is, sal die kleuters saam met die naskoolleerders na die naskoolterreine geneem word en kan ouers hulle daar afhaal. Vir elke dagleerder wat later as 13:30 afgehaal word, sal daar 'n dagtarief van R50 - R250 gehef word (afhangend van die tyd wat die kleuter afgehaal word). Ons juffrouens het soms opleiding, vergaderings of buitemuurse aktiwiteite waarby ons betrokke is na skool en ons is dus selde na 13:30 beskikbaar.

SCHOOL HOURS
ARRIVAL:
07:10 - 07:45
EDUCATIONAL PROGRAMME:
07:45 - 12:30
DEPARTURE:
MON – THUR 12:30 - 13:00
FRIDAY 12:30 – 12:50
LAST DAY OF EACH TERM:
SCHOOL CLOSES AT 11:30

AFTERCARE
MONDAY – THURSDAY
13:00 – 17:00
FRIDAY 12:50 – 17:00
We are open during school holidays!
A light meal, snack and cold drink will be served daily.
Each Grade follows a daily routine.
Day visitors not are allowed.

WAT MOET JOU KLEUTER SAAMBRING

Kleuters moet elke dag 'n tassie vir hulle besittings saambring. Kleuters kan enige tas bring (Geen Cadii tasse). Tasse moet groot genoeg wees dat kleuters al hulle besittings (bv. skoene en baadjies) daarin kan bêre asook die volgende:

- **Kosblik**
- **'n Skoon stel klere en onderklere**
- **Onthouboekie**

KLEREDRAG & BESITTINGS

Somer:
Kortmou Nellie Miere T-hemp
Enige kort blou- of denimbroek
Kaalvoete.

Winter:
Langmou Nellie Miere T-hemp
Enige lang blou denimbroek / donkerblou langbroek / ski-pants
Tekkies.
Blou baadjie / Drimac

Alle klere, kosblikke, tasse, skoene, ens. moet duidelik gemerk word. LW. Geen speelgoed mag van die huis af saamgebring word skool toe nie. Dogtertjies met lang hare (skouerlengte of langer) se hare moet asseblief vas wees. Geen grimering of naellak mag gedra word nie.

LUNCH BOX

Please pack a healthy lunch box daily.

Good ideas to pack: Sandwiches, fresh fruit, dried fruit, vegetables, nuts, biltong, dried wors, cheese, yogurt, egg, cold meat, sausage, plain pretzels, homemade salty popcorn, salty biscuits (tux, mini-cheddars), provitas, cream-crackers, cold drink, juice, water.

Kindly do not pack: sweets, chips, muffins, banana bread, cakes, cookies, cereal bars, chocolates, chocolate spread, cereal, jelly, custard, fizzy drinks or milkshakes.

VERJAARSDAE

Kleuters mag op hierdie spesiale dag gewone klere aantrek.

Stuur maklik uitdeelbare lekkernye.
Idees: Kolwyntjies, roomyse, skyfies of partytjiepakkies.
Geen uitnodigings mag vir klaspartytjies gestuur word nie. Moet asb. geen speelgoed in die partytjiepakkies stuur nie.

KOMMUNIKASIE

'n "Onthouboekie" word aan elke leerder gegee. Die dissipline beleid en ander belangrike inligting m.b.t. die skool word hierin uiteengesit. Onthoubriefies met die tema van die week, nuus, wenke en artikels wat die leerders moet saambring word weekliks elektronies op die klasgroepie gestuur.
Die onthouboekie moet daagliks in die leerder se tas wees.

Laat asseblief boodskappe by die sekretaresse (013 752-8148).
Afsprake kan met die onderwysers of hoof gemaak word.

ASSESSMENT REPORTS

Orientation report: March
Assessment report: June
Assessment report: September
Assessment report: November

PARENT MEETINGS

During the first term an assessment information evening will be held.
After the assessment reports, parents will be invited to a one on one meeting to discuss their child's progress.

SCHOOL ATTENDANCE

Absenteeism as result of illness should be reported telephonically. You are requested not to send sick children to school as their participation in the activities will be influenced and it poses a health risk to those in the same class. Children with contagious illnesses or lice should be kept at home until fully recovered. Should such a child attend school, parents will be requested to fetch them immediately. No medicine is allowed to be sent to school.

BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Kindermusiek word weekliks as deel van die dagprogram aangebied.
Opsionele aktiwiteite soos Playball, Guppie Tigers Swimming Club, Witjassies, A+ Students Maths, Kiddie Gym, Tumbling Tigerz , Puma Kidz en Glynnis Modern Dance word by die skool op verskillende dae aangebied. 'n Ekstra fooi word vir die opsionele aktiwiteite gehef.

INSTAPPIES

Ons poog om twee tot drie instappies per jaar te onderneem. U sal per onthoubriefie op die klasgroepie in kennis gestel word.

INSKRYWINGSVORM EN SKOOLFONDS

- **Alle inligting op die aansoekvorm en stawende dokumente sal gekontroleer word en woonadresse mag fisies nagegaan word.**
- **A registration fee / deposit is payable on acceptance of a learner. This deposit will secure the learner's space.**
- **First fee (school fees + book fee) is payable on the first day of attendance and thereafter in advance.**
- **The remainder of the school fees will be divided into equal instalments.**
- **Your school fee account is to be settled by 1 October each year.**
- **The completed application form and corroborative documents must be handed in, by the parent or guardian personally, at the Laerskool Nelspruit school office.**
- **Only parents and / or legal guardians, with whom the child is residing, may apply for admission. This is the person who accepts responsibility for the learner. Proof of appointment as legal guardian must accompany the application if a legal guardian is involved.**
- **Die Beheerliggaam het die reg om aan te dring op 'n uitgebreide geboortesertifikaat vir die leerder, indien nodig.**

Indien enige van die inligting hierin vervat verander, moet die skool onmiddelik, skriftelik in kennis gestel word.

FEES
The following fees are payable:
- Registration fee
- Book fee
(Gr. R: Bible, Maths, Perceptual, Letter book. Gr. RR/RRR: Bible book)
- School & Aftercare fee
- Excursion fee
Contact the office for the fee amount.